

# Boekbespreking

Dreyer, PS (red) 1983 – *Objek en metode in die geesteswetenskappe*

185 bladsye. Pretoria: Universiteit van Pretoria

Hierdie reeks lesings is om verskeie redes die moeite werd, maar veral omdat dit 'n uitstekende voorbeeld is van stewige interdisiplinêre denke binne die geesteswetenskappe. Die aanbieding is sodanig dat dit van groot nut kan wees vir die vakwetenskaplike student en die intelligente leser.

In die eerste hoofstuk gee MJ Schoeman 'n insiggewende inleiding tot die hermeneutiek waarin hy veral konsentreer op die metode-beheptheid van die geesteswetenskappe en die soeke na vasstaande paradigmas. AP Grove se hoofstuk "Teks en uitleg – 'n praktiese toertjie" is 'n juweel. Na aanleiding van die vraag *wat* bestudeer die literatuurkundige en *hoe* gaan hy om met wat hy bestudeer, beklemtoon die skrywer die tweede gedeelte van die vraag en demonstreer hy *hoe* dit gedoen moet word aan die hand van vyf gedigte uit Van Wyk Louw se *Tristia*. Die teks se heenwysings word opgevolg om die gedig volledig tot spreke te bring. Elsa Nolte onderstreep die praktiese benadering van die goeie vakkundige in haar hoofstuk "Objek en metode in die literatuurwetenskap: 'n Vlaamse Roman". Sy bied 'n nuwe, unieke analise van Marnix Gijsen se "Telemachus in het dorp" aan deur dit in jukstaposisie te plaas met die skildery van die Vlaminge Hubertus en Johannes van Eyck. JP Louw skryf in sy bydrae tot die boek dat daar nie van 'n metode van ondersoek gepraat kan word in antieke Griekse studies nie. Daar is 'n ryke verskeidenheid van temas, taalvorme, ensovoorts. Enkele metodes word kortliks bespreek en aan die hand van 'n passasie uit "Thucydides" verduidelik die skrywer sy eie semantiese struktuuranalise waarvoor hy bekendheid verwerf het. JS Oosthuizen gee 'n helder uiteensetting van objek en metode in die Sosiologie deur die positivisties-georiënteerde sosiologie te vergelyk met die fenomenologiese. Hy kom tot die gevolgtrekking dat hulle aanvullend tot mekaar is.

In RD Coertze se hoofstuk is die volkekundige aan die woord oor sy studie-objek en navorsingsmetodiek. Die verskillende probleme van

die navorser word duidelik uitgelig, daar word gesoek na 'n balans tussen "die eise van interpretasie en objektiewe aanbieding". Die sewende hoofstuk word aan die beeldende kunste afgestaan. NO Roos konstateer dat begrippe soos kuns en beeldende kuns sigself nie verleen tot definisie nie, beide is té omvattend. 'n Kunstenaar is voorop skepper. Beeldende kunste het wel eiesoortige kenmerke en die kontemporêre beeldhouer gebruik die tegnologie en die moderne kennisontplofing tot sy voordeel. Voorts word onderafdelings van dié kuns bespreek, asook sake soos persoonlikheid, styl, verbeelding, oorspronklikheid en ritme. JV van der Westhuizen stel die standpunt van die regsgeleerde deur 'n kort uiteensetting te gee van verskillende filosofiese benaderingswyses in die reg. Hy wys daarop dat die Suid-Afrikaanse benadering basies positivisties is. Die hoofstuk word afgesluit deur 'n interessante praktiese analise van 'n Appèlhofbeslissing in verband met die Groepsgebiedewet. Die skrywer pleit vir 'n konkretisering van filosofiese denke in praktiese metodiek. GMM Pelsler toon aan dat die Bybel, sedert die Reformasie, onderwerp is aan objektiewe wetenskaplike ondersoek. In sy hoofstuk skryf hy oor die objek van Bybelse Teologie, bespreek hy die historiese en teksimmanente metodes (met konkrete voorbeelde ter illustrasie), en wys hy op enkele probleme soos afstand tussen huidige wêreld en teks, en die openheid/geslotenheid van tekste. Die laaste hoofstuk is "Die objek en metode van die Geesteswetenskappe" deur PS Dreyer. Die plek van die mens as persoon is belangrik, "sy selfbewussyn impliseer transendensie en distansiëring ... Die doeltreffendheid van 'n geesteswetenskaplike metode hang af of dit daarin slaag om sy besondere objek van studie juis as mensewerk, as sinvolle fenomeen te bereik of te help bereik" (p 176). Die tekortkominge van enkele geesteswetenskaplike metodes word uitgewys en die hoofstuk word afgesluit met sekere interessante voorstelle ten opsigte van die probleem van verifikasie en falsifikasie.

Die boek word hartlik aanbeveel.

**Dr Pieter du Toit**

## **Heitink, G 1983 – Gids voor het pastoraat**

104 bladsye. Kampen.

Wie hom vandag met die pastoraat besig hou, betree 'n uitgebreide en

onoorsigtelike gebied, waarbinne 'n mens maklik kan verdwaal. Daar bestaan soveel standpunte en denkrigtings op die pastorale terrein, wat weer elkeen lei tot 'n eie metode, dat die beoefenaar van die pastoraat noodwendig 'n keuse moet maak tussen hierdie standpunte. Bykans sewe jaar gelede het Heitink sy standpunt en metode van pastoraat geformuleer in 'n lywige proefskrif, getitel: "Pastoraat als hulpverlening". In hierdie studie word uitgegaan van sekere begrippe, teologies en nie-teologies, wat met bepaalde inhoudes gevul word, asook sekere teologiese uitgangspunte waarop sy "Pastoraat als hulpverlening berus."

In hierdie jongste publikasie wil hy begrippe en standpunte soos deur homself en ander teoloë gebruik, uiteensit en verduidelik. Hy hanteer en orden sy uiteensetting op 'n wyse wat dit maklik toeganklik maak en tegelyk dit sistematies orden. Aan die hand van 'n hoofstukindeling wat sentreer rondom die belangrikste aspekte van die pastoraat, word onder elke hoofstuk weer die mees algemene begrippe en standpunte elk in een bladsy bespreek. In die enkele bladsy word die bepaalde saak of begrip uiteengesit en aangevul met sy eie beskouing en interpretasie. Hierdie metode maak van die boek 'n handige naslaanwerk, byna 'n verklarende woordeboek op die terrein van die pastoraat. Omdat elke onderwerp slegs beperk word tot een bladsy, word die essensie van die saak kernagtig weergegee. In die boek is daar ook 'n sisteem van kruisverwysing wat die interafhanklikheid van die onderskeie dele na vore bring. Sy werkmethode maak dit maklik om 'n teologiese peiling te maak van sekere begrippe en standpunte.

Die verwarring op die terrein van die pastoraat word in 'n groot mate veroorsaak deur die invoer van begrippe uit die gedragswetenskappe na die teologie. Hierdie begrippe vanuit 'n nie-teologiese agtergrond het uiteraard inhoudelik 'n nie-teologiese lading. Baie van hierdie begrippe word deur die pastoraat oorgeneem, omdat dit ook relevante betekenis vir die pastoraat het. Begripsmateriaal soos hulp, bystaan, begelei, heling word dan in die pastoraat geïnkorporeer. Die probleem is egter dat hierdie begrippe met hulle nie-teologiese agtergrond en lading ongekwalifiseerd in die pastorale denke oorgeneem word. Hierdie begrippe is dikwels die trojaanse perd in die pastoraat. 'n Paar voorbeelde uit die werk van Heitink behoort dit voldoende te illustreer. Onder die begrip "Helen" (p 34) sê hy: "Gezond is een mens, die in alle vrijheid aan zichzelf en tegelijk aan anderen en aan de wereld kan toekomen". As hy die begrip "Bijstaan" verduidelik, sluit hy dit af met die opmerking: "Wanneer het gaat om lijden, dat mensen elkaar aan-

doen of dat het gevolg is van struktureel geweld of onderdrukking, vraagt bestaan echte participasie in die vorm van solidariteit en stryd" (p 35). Begeleiding sien hy as die geestelike leiding wat mense ontvang waardeur hulle gehelp kan word om op grond van hulle lewensooruiging hulle eie keuses te maak en so te groei tot selfstandige geestelike funksionering: "Bibels gezien staan dergelyke prosesse in het teken van die geregtigheid, een saamlewing waarin mense werklik tot hun regte kanne komen." (p 36). "Verzoening betekend dat die dinge niet bij het oude kanne bliwjen, maar dat historisj gegroeide situasies van vervreemding doorbroken wordjen . . . Verzoening komt in dat geval alleen tot stand door het konflikte heen" (p 37).

Heitink sien die pastoraat as hulpverlening, 'n begrip wat vanuit die gedragswetenskappe oorgeneem is en gevul is met sekere inhoudes wat veroorsaak dat die teologiese onderbou van die pastoraat so gewysig moet word dat dit hierdie begrip kan dien. Wanneer hy oor die Christologie handel, is daar nêrens sprake van die verlossing in Jesus Christus en sy oorwinning oor die mag van die sonde en dood nie. Sy Christologie konsentreer hy rondom die "inkarnatiemotief" (p 60). Inkarnasie beteken dan dat Hy in alle dinge met ons meevoel. "Daarin kan een geweldige troost liggjen, ook in het lijdjen, ook al bliwjen alle 'waaroms' ooreind staan" (p 60). In die bespreking van die regverdigingsmotief sê hy dat in die regverdiging van die goddelose word die aanvaarding van die mens sigbaar. "Dat betekend een geweldige ontkramping van het lewjen, doordat we met meer onszelf hoeven te regtvaardigen. Zo speelt de pastorale relatie zich af in een klimaat van aanvaarding . . . De wet van het pastoraat is die van de navolging, van de sympathie (lett. meelijden) met de lijdende mens" (p 60).

Uit hierdie enkele voorbeelde blyk dit voldoende dat Heitink in sy pastorale denke opereer met begrippe vanuit die nie-teologiese gedragswetenskappe. Baie van hierdie begrippe het wel vir die pastoraat groot betekenis. Wanneer hierdie begrippe egter ongekwalifiseerd oorgeneem word, gebeur noodwendig dit wat in Heitink se pastorale model plaasvind: die teologiese principia word so geëksentueer dat dit diensbaar kan word aan hierdie begripsmateriaal.

Nieteenstaande bogenoemde besware en verskille in pastorale modelle, wil ek nogtans die boek sterk aanbeveel by elkeen wat belangstelling het in die pastoraat. Dit is 'n handige verwysingsbron wat aan die leser 'n beknopte oorsig en insig gee op die terrein van hedendaagse pastorale denke.

TFJ Dreyer (jr)

## Koole, JL 1983 – De tien geboden

Tweede druk. 159 bladsye. Kampen: Kok

Hierdie boek is die tweede druk van 'n werk wat alreeds in 1964 verskyn het – net die literatuurlys is vir die druk van 1983 op datum gebring. Die feit dat die boek onveranderd gepubliseer kan word is 'n kompliment vir die deeglikheid waarmee die skrywer hierdie studie gedoen het. Die skrywer se wetenskaplike en eksegetiese kundigheid val dwarsdeur die boek op, maar miskien nog meer die gawe van die skrywer om die resultate van sy studie in 'n eenvoudige en verstaanbare taal uit te druk.

Wanneer 'n mens die boek oor die tien gebooe ter hand neem, verwag 'n mens gewoonlik 'n uitleg wat geplaas word binne die breëre omraming van die Nuwe-Testamentiese boodskap waar 'n mens dikwels meer van die Nuwe Testament as van die Ou Testament hoor deurklink, en waar die tradisie van 'n mens se belydenisagtergrond ook 'n swaar klemtoon laat val. Die waarde van Koole se boek lê daarin dat hy die saak heel anders benader: hy wil probeer peil wat die tien gebooe in die spesifieke tyds-omstandighede van drie duisend jaar gelede aan die Israëliete van daardie tyd gesê het toe die gebooe oorspronklik aan hulle gegee is. Hy probeer dus 'n Bybelverklaring gee wat deurdring na die oorspronklike bedoeling van die teks. Myns insiens slaag hy goed in die doel.

Juis as gevolg van besondere opset van hierdie boek is dit aan te beveel vir elke student van die Christelike etiek. Dit kan maar alleen goed doen om die eie opvatting te stel teenoor die resultate van hierdie boek. Die waarde van hierdie boek strek ook verder as die bloot akademiese, daarom is dit my mening dat elke predikant wat oor die tien gebooe wil preek, ook nuttig gebruik kan maak van die inhoud van die boek, hoewel die inhoud van hierdie boek, nie in die vorm van 'n homiletiese kommentaar aangebied word nie.

'n Voorbeeld van 'n nuwe insig wat 'n mens verkry, is die skrywer se gevolgtrekking op p 141 dat die tien gebooe nie maar alleen op die gesindheid betrekking het soos die *Heidelbergse Kategismus* dit verklaar nie, maar dat dit ook iets van die daad self betrek in die sin dat naas die begeerte, die voorbereiding om die daad self te pleeg ook ingesluit is. Die skrywer sê op p 142 en 143: "Wij kunnen wel niet terug naar de oude opvatting, dat het Tiende Gebod uitsluitlik over de gezindheid handel; maar wij kunnen ook niet zover gaan, dat hier de daad zelf

bedoeld word. Niet de diefstal word hier verboden, maar de voorbereiding ervan; evenmin de echtbreuk als zodanig maar de wyze waarop men elkaar daartoe verleidt. Die poging word strafbaar gesteld."

Die skrywer se afleiding op p 93 en 94 dat 'n mens dalk die vyfde gebod ook tot die eerste tafel van die tien gebooie moet reken, is heel interessant in die lig van die opvatting van etici wat meen dat die vyfde gebod 'n oorgang vorm van die gebooie wat handel oor die liefde tot God na die gebooie wat handel oor die liefde tot die naaste.

Die resultate van hierdie studie hou ook 'n mate van troos in vir 'n beoefenaar van die etiek met 'n Calvinistiese agtergrond, soos die skrywer van hierdie resensie, aangesien dit duidelik word dat die vadere in die breëre uitleg wat hulle aan die gebooie gegee het, in die meeste opsigte na aan die wesenlike gehou het. 'n Effense omstrede voorbeeld is die bevinding van die skrywer op p 47: "Er zijn inderdaad enkele aanwyzingen, dat het Tweede Gebod eigenlyk niet de afgodsbeelden (waarvan al in die Eerste Gebod sprake was) maar een beeld van de HERE zelf verbiedt, en daarmee dus eigen betekenis náást het Eerste Gebod gegee is."

Ons beveel hierdie boek met 'n geruste hart aan.

DJ Smith

## Stroeken, H 1983 – Psychoanalise, Godsdienst en Boisen

Kampen: Kok

Die skrywer, 'n dosent aan die Katholieke Theologiese Hogeschool in Utrecht, het in 1978 sy doktorsale proefskrif in die psigologie oor bogenoemde onderwerp geskryf.

Anton Theophilus Boisen is op 29 Oktober 1876 gebore. As veelsydige, maar eensame jongman het hy verskillende beroepe gevolg, naamlik dosent in moderne tale, bosbouer, predikant en ten slotte weer dosent in tydelike hoedanigheid aan die Chicago Theological Seminary.

Boisen was egter psigoties en moes telkens opgeneem word in 'n psigiatriese hospitaal. Op grond van sy psigiese ervarings as psigiatriese pasiënt het hy in sy werke bepaalde en besliste standpunte ingeneem oor veral die volgende aspekte: die godsdienstige betekenis

van geesteskrankheid vir die mens, die rol wat psigiaters speel in die versorging van die psigiatriese pasiënt en die noodsaaklikheid van klinies pastorale vorming van predikante met die oog op die pastorale versorging van genoemde pasiënte. Uit hoofde hiervan het hy uiteindelik die grondlegger geword van die pastoraal-kliniese vorming in Amerika.

Stroeken wou aan die hand van Boisen se lewensgeskiedenis en die verloop van sy geesteskrankheid vasstel of die stelling waar is dat sekere vorms van waansin ook sinvol kan wees en probleemoplossende waarde het. Verder wou hy krities kyk na Boisen se idees oor psigoterapie en pastoraat, sowel as godsdiens en psigoanalise.

Die skrywer het 'n deeglike studie van Boisen se lewe sowel as van sy kognitiewe en emosionele ontwikkeling gemaak. Gevolglik lees die boek soos 'n roman.

Die psigo-pastorale evaluering is ook objektief en goed gesubstansieer.

Tog bring die eindkonklusies niks verrassends aan die lig nie. Ondanks die genoemde verdienstelikhede is dit te betwyfel of die werk allerweë interessant gevind sal word. Vir die psigoloog en veral die pastorale psigoloog, kan die boek nogal die moeite werd wees om te lees.

**SJ Prins**